Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

AFRIKAANS
HOME LANGUAGE

LESSON PLAN EXEMPLARS

GRADE 2
TERM 4
2009

Province of the

EASTERN CAPE

DEPARTMENT OF EDUCATION

CURRICULUM SECTION

NOTE TO SCHOOL MANAGEMENT TEAMS AND TEACHERS IN THE FOUNDATION PHASE

The exemplar Literacy Lesson Plans for **Grade 1 teachers** had been developed by the Provincial and District Foundation Phase Curriculum Advisors and Foundation Phase teachers as well. This is intended to support teachers in the Planning, Teaching and Assessment process for Term 4.

The contents include the 3 Learning Programmes (Literacy, Life Skills and Numeracy) in an integrated, flexible and very user friendly manner. The lesson plans provide specific content and context which should guide the teacher in the planning process.

We trust that these support materials will provide the necessary clarity and guidance for teachers to manage the NCS implementation process successfully and confidently.

It is the responsibility of the School Management Team to monitor and support teachers in the use of these resources. The teachers are responsible for using these resources to manage the Planning, Teaching and Assessment process successfully in the classroom. These are **exemplars** that are aligned to National Policies and prescripts and teachers are encouraged to use and adapt these lessons to suit the needs and context of the learners and the school.

If schools need more clarity and guidance on the use of these Resource Materials the District and Provincial Offices can be contacted.

We trust that every school will now be better equipped to improve learner performance in the Foundation Phase.

Yours in Quality Education



Dr T Reddy

CES: ECD/Foundation Phase: Head Office: Zwelitsha

INTRODUCTION

The Eastern Cape Department of Education, Curriculum Chief Directorate in collaboration with the District Curriculum Advisors developed this document to support teachers in planning for teaching, learning and assessment for effective implementation of the National Curriculum Statement (NCS) and the Foundations for Learning (FFL) in the Foundation Phase

The Home Languages, Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho deal with the holistic development of the child, socially, emotionally, personally and physically. Language is of utmost importance in learners lives. It is the means of communication and conversation. No Learning Area (LA) can be taught without the use of language. So it is necessary for learners to master all aspects of language usage. This includes the ability to talk clearly, fluently and to express themselves without ambiguities; to listen with ease and understanding and to express clearly their thoughts **orally** and in **writing**. It also includes the ability to the **Listening, Speaking, Reading and Writing** in order to enrich their own lives and the lives of others.

This document serves to assist teachers to pace teaching, learning and assessment in Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho Home Languages for Grades 1- 3, starting from Grade R in IsiXhosa and English First Additional Language (FAL) for Grade 3. A Work Schedule for term 3 has been developed. Integration of Assessment Standards has been done for the teachers. Planning accommodates Formal Assessment Tasks (FATs) and Learner Attainment Targets (LAT) as indicated in the Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho Home Language LAT documents available in all the Foundation Phase schools. Lesson plan exemplars can be adapted and refined so that they meet the needs and the context of the learner. The resources that are indicated are a guide. Teachers are at liberty to use other relevant material. The contact time for Literacy Learning Programme is 1 hour 50 minutes **daily** for **Grade 1**(10mins for FAL), 1hr 50mins for **Grade 2** (20 mins for FAL**)** 2hours for **Grade 3** (30 mins for FAL). 5 hours 15 minutes **weekly** for the learners and 7 hours weekly for the teachers (1 hr 45 mins for preparations) according to FFL. All the aspects of Literacy have separate time on daily basis, for example **Drop All and Read** for 30 minutes. This time allocation for Literacy must be adhered to.

GRAAD 2 LESPLANNE VIERDE KWARTAAL

TEMA : EK ONTDEK MEER OOR KULTURE IN SA TYDSDUUR : 2 WEKE

LU EN AS STANDAARDE	AKTIWITEITE	BRONNE
LU 1 LUISTER AS 1 Luister vir 'n langer tydperk aandagtig en reageer op 'n stel ingewikkelder instruksies AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en gepas kommentaar te lewer op dit wat gehoor is AS 3 Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip: 3.1 luister vir onderwerp of hoofidee 3.2 luister vir die besonderhede 3.3 voorspel wat gaan gebeur 3.4 vertel 'n reeks gebeutenisse of idees in	Leerders luister na gepaste gedigte en liedjies. Leerders luister na stories bv. **Oueraand** "Onthou kinders, vanaand is dit oueraand by die skool," herinner juffrou die kinders toe die skool uitkom. Daardie aand is daar sommer baie grootmense in die graad 2-klas. Jannie verwonder hom aan al die verskillende mense.Hy is so gewoond aan die kinders dat hy nooit opgelet het dat hulle ook maar 'n deurmekaarspul is nie. Op pad huis toe vra hy sy ouers: "Hoekom is daar so baie verskillende mense? Daar was vanaand dan wit, bruin en swart mense saam by die skool."	Inligtingstukke Storieboeke Leesboeke Leeskaarte Klankkaarte Woordeboeke Koerante Pamflette

‘n teks oor 3.5 beantwoord vrae oor ‘n mondelinge teks 3.6 druk gevoelens oor‘n mondelinge teks uit en gee redes 3.7 bepaal oorsaak in ‘n mondelinge teks AS 4 Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies. AS 5 Luister na ‘n spreker wat sy/hy nie kan sien nie (soos oor ‘n telefoon) en reageer op vrae en instruksies. **LU 2 PRAAT** AS 1 Gesels oor persoonlike ervaring en algemene nuusgebeure AS 2 Gebruik taal verbeeldingryk vir prêt en fantasie(soos om grappies en raaisels te vertel, woordspeletjies te speel en eie rympies te maak) AS4 Neem deel aan klas-en groepbesprekings 4.5 lewer terugvoering oor groep se werk	“Ja en het jy nie gesien dat een van jou beste maats, Farouk, ‘n Indiër is nie?” vra Mamma. “Nee, ek het nie,” antwoord Jannie.”Maar moet daar dan so baie verskillende mense wees? Kan almal nie maar net eenders gewees het nie?” wil Jannie weet. “Gelukkig hoef ons nie almal eenders te lyk nie,” sê Pappa. “Dink net,” sê Mamma.”As ons almal eenders gelyk het hoe vervelig dit nie sou gewees het nie.” “As almal dieselfde gelyk het, hoe sou jy ‘n maatjie gekies het?” wil Pappa weet. “O!” sê Jannie, “dan was Farouk nie Farouk nie, en hy sou dan nie my maatjie gewees het nie. Ek is bly daar is so baie verskillende mense.” Bespreek nuwe en onbekende woorde.Wys prente van mense van	

4.7 beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde 4.8 gee opbouende terugvoering aan ander AS 6 Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes (soos verskonings, uitnodigings) en met verskillende mense (voer onderhoude, doen rolspel) AS 7 Gebruik gepaste volume en intonasie – praat bv. saggies met ‘n maat in die klas en harder op die speelgrond. **LU 3 LEES EN KYK** AS 1 Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep: 1.1 voorspel nav ‘n boekomslag waaroor die storie handel	verskillende SA-kulture en bespreek die verskille en ooreenkomste in voorkoms, kleredrag ens.Moedig leerders aan om oor hul eie kultuur en mense van ander kulture te gesels. Bespreek in die algemeen hoe mens weet dat iemand se kultuur anders is as joune, bv. verskillende tale verskillende kossoorte, maniere van groet, danse van verskillende kulture ens. Laat leerders gesels oor hul huistale.Skryf die tale op die bord.Beklemtoon dat elke kultuur uniek en spesiaal is. Verdeel die leerders in groepe en hulle teken ‘n prent van die kultuur van hul keuse en maak ‘n poskaart. Bespreek waar en hoe ‘n mens ‘n poskaart addresseer.Demonstreer die wyse waarop die boodskap geskryf word. Hulle moet die poskaart aan ‘n familielid stuur en hom/haar vertel van die kultuur. Die groepleier lees die poskaart aan die res van die klas. Leerders leer ook gepaste gedigte en liedjies aan en voer die aksies uit. Lees ‘n storie oor kos vir die leerders bv. **ONS EET IN DIE RESTAURANT**	

1.2 ten opsigte van beelde, die gedrukte media en advertensie, interpreter die hoofboodskap, identifiseer die doel, teikengroep en waar dit aangetref word AS 2 Skep betekenis uit geskrewe teks: 2.1 lees eenvoudige instruksies in die klaskamer AS 3 Herken en skep betekenis uit letters en woorde in langer tekste 3.1 lees met toenemende spoed en vlotheid 3.2 lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem 3.3 gebruik klank en woorderkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en die maak van voorspelling ten einde teks te verstaan 3.4 gebruik selfkorregeringsstrategiee soos herlees, pousering, die oefen van woorde voor	Danie en sy ouers gaan in die nuwe restaurant eet. Almal lyk baie opgewonde, maar nie Danie nie. Die plek lyk vir hom maar soos enige ander restaurant en hy kan nie verstaan waaroor die bohaai gaan nie. “Wat gaan jy eet, Danie?”, wil sy ma weet. “Hamburger en chips”, antwoord hy dadelik. “Ag nee,man. Hierdie is ‘n restaurant waar jy leer om van die verskillende kulture in ons land se kos te eet.Kies iets interessant wat jy nog nie voorheen geëet het nie,” moedig sy pa hom aan. “Maar ek eet nie vreemde goed nie “, kla Danie. “Alles is nie vreemd nie. Hier is Indiese kerrie, Sjinese noedels, Maleise bobotie”, lees sy ma van die menu af. Pappa bestel sushi en rys, Mamma bobotie en Danie, half skrikkerig vra vir die Sjinese kos. Die kelner bring hul bestelling en vat Danie se mes en vurk weg en gee hom twee stokkies om mee te eet. Hy kan sy oë nie glo nie.	

hy/sy dit hardop se AS 4 Ontwikkel klankbewustheid: 4.2 herken 2- en 3- letterkombinasies aan die begin en einde van woorde 4.3 beginklanke- herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone (dr-oom, str-oom) 4.4 herken meer komplekse woordfamilies (troon, kroon) 4.6 herken ‘n aantal hoefrekwensie sigwoorde AS 5 Lees vir inligting en genot: 5.1 lees prenteboeke en eenvoudige stories van eie keuse 5.2 toon waardering vir stories uit ander kulture 5.3 begin die woordeboek gebruik om woorde spelling en betekenis na te gaan	Pappa kry ook stokkies en ‘n lepel van porselein. “Nee, o aarde”, sê Mamma. “Ek wil nie eers sien hoe jy daardie rou vis eet nie. Danie, ek dink jy was reg met hamburger en skyfies,” sê Mamma Laat die leerders die kos wat hulle die meeste eet, noem. Skryf die name op flitskaarte neer en plaas dit teen die bord. Bespreek die kossoorte, eetgerei, maniere van tafel dek en die tafelreëls van die verskillende kulture. Laat die leerders in die klas gesels oor hoe hulle by die huis eet. Sluit af met die gevolgtrekking dat kulture verskil, maar dat die een nie beter as die ander is nie. Hersien klanke wat tot nou toe gedoen is. Oefen nuwe klanke en laat leerders nuwe woorde vorm met hul letterkaartjies.Skryf die woorde op die swartbord. Gebruik gepaste stories vir leesles. Die leerders lees die sigwoorde so vinnig as moontlik. Noem woorde uit die leesles of flits dit en laat leerders die woorde soek.(Dit word elke dag gedoen)	

5.4 lees ‘n verskeidenheid tekste vir genot, soos tydskrifte, strokiesprente, nie-fiksie boeke **LU 4 SKRYF** AS 1 Skryf toenemend leesbaar 1.1 hanteer skryfinstrumente doeltreffend AS 2 Doen pre-skryfaktiwiteite: 2.1 neem deel aan dinkskrumaktiwiteite om idees vir skryf te kry 2.2 deel idees met klasmaats en onderwyser 2.3 kies ‘n onderwerp met persoonlike betekenis om oor te skryf AS 3 Skryf ‘n konsep weergawe van ‘n skryfstuk vir verskillende doeleindes: 3.1 skryf verskillende soorte tekste: • lyste soos take vir die week • eenvoudige tekste soos briewe • informatiewe tekste-resepte • eenvoudige vertellings • eenvoudige stories • gedigte en liedjies 3.4 skryf ‘n title wat die inhoud weerspieel	Laat leerders verskillende tekste lees vir genot. Berei ‘n Sjinese maaltyd voor (resep) en laat leerders dit met stokkies (potlode) eet. Die leerders oefen skrifpatrone en letters in hul werkboeke. Leerders transkribeer klankwoorde in woordeboeke of werkboeke. Vertel nog stories en gebruik prente. Skommel die prente en laat leerders die prente in die korrekte volgorde rangskik terwyl hulle die storie vertel. Bespreek waarom mense stories vertel bv. om te vermaak of om lewenslesse te gee of om jou op te voed ens. Laat leerders hul gevoelens oor die storie/s gee bv. het hulle daarvan gehou of nie en waarom. Elke groep besluit wat hul gunstelingstorie is. Hulle vertel die storie vir mekaar en deel dit op in bladsye. Sommige skryf die storie en ander illustreer dit. Beklemtoon die begin, middel en einde. Gee die storie ‘n titel. As hulle klaar is bind die storie in ‘n boek. Plaas in die leeshoekie sodat ander die ook kan lees.	

AS 4 Hersien skryfstukke 4.1 bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee of te ontvang 4.2 probeer om eie skryfwerk te redigeer (soos verwyder of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel en gaan spelling en punktuasie na) 4.3 hersien eie skryfwerk na bespreking met ander AS 5 “Publiseer” skryfstukke (maak dit publiek) 5.1 deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of dit in die klas uit te stal 5.2 maak eie boeke of bloemlesing AS 6 Bou woordeskat op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan 6.2 spel algemene woorde korrek 6.3 gebruik homofone toenemend korrek (soos lei/ly, vlei/vly) 6.5 bou ‘n woordbank en ‘n persoonlike woordeboek op AS 7 Gebruik gepaste grammatikale strukture	Wys prente van klere van verskillende kulture. Noem en bespreek die kleredrag bv. krale van die Zoeloemense, Moslemvroue wat hul liggame bedek, koperringe van Ndebelevrou om hul nekke, die kolletjie op die voorkoppe van die Hindoevroue, ens. Leerders vertel van hul eie families se tradisionele drag. Leerders kan modeparade hou met verskillende kulture se kleredrag. Leerders skryf sinne oor hul geliefkoosde klere/klere wat hulle vir verskillende geleenthede dra.Skakel sinne om paragrawe te vorm. Leerders gebruik gepaste grammatikale strukture sodat ander kan verstaan wat hulle skryf. Hulle gebruik basiese punktuasie en eksperimenteer met uitroeptekens en vraagteken. Lees ‘n storie aan leerders bv. **DIE GROOT KONSERT** Almal stroom vandag na die sokkerstadium toe. Daar gaan vandag ‘n groot musiekfees wees.Kort-kort tree ‘n ander groep musikante op.	

en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan 7.1 gebruik skryframe vir verskillende soorte sinne en teksstrukture 7.2 gebruik basiese punktuasie (hoofletters en punte) 7.3 eksperimenteer met verskillende leestekens soos uitroeptekens en/of vraagtekens 7.4 gebruik sommige verteltegnieke soos ("Lank, lank gelede….", "Die einde") 7.5 pas kennis van grammatika toe **LU 5 DINK EN REDENEER** AS 1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel: 1.1 verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer:	Die fees begin met die Kaapse Klopse. Hulle is baie mooi aangetrek en hul gesigte is bont geverf. Hulle swaai hul helderkleurige sambrele heen en weer terwyl hulle sing en dans. Dis kitare en banjo's en jy moet net saamsing. Volgende aan die beurt is die Zoeloes. Die mans dans met knopkieries en die vrouens klap hul hande en sing.Die klokkies om hul bene maak 'n lekker geluid as hulle hul voete so stamp. Toe die boereorkes begin speel, dans die mense weer saam.Dis konsertina en trekklavier wat jy wie weet waar hoor. Almal dans dat die stof so staan. Die Venda-vrouekoor sing so mooi dat jy sommer hoendervleis kry. 'n Klein groepie San-kinders doen 'n interessante dans terwyl hulle hande klap en sing. Die heel dag hoor jy die mooiste musiek, maar die heel mooiste is toe almal klaar hul ding gedoen het, staan al die mense op en sing saam die volkslied, Nkosi sikelel'I Afrika.	

2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsake en gevolg, logiese volgorde 2.3 identifiseer ooreenkomste en verskille (soos “net soos”, “eenders”, “anders as”) AS 3 Gebruik taal om te ondersoek 3.1 stel vrae en soek verduidelikings 3.2 verskaf oplossings en alternatiewe AS 4 Verwerk inligting: 4.1 kies spesifieke inligting uit ‘n teks en verwerk dit **LU 6 TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK** AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde 1.1gebruik klanke om minder bekende woorde te spel AS 2 Werk met woorde:	Wys vir die leerders verskillende soorte instrumente. Demonstreer die klank daarvan en speel ‘n liedjie (as jy kan of nooi iemand uit die gemeenskap wat kan). Bespreek die gebruike van musiek en danse deur verskillende culture bv. om fees te vier, ens. Die leerders lees naamkaarte. Gee meervoudsvorme van instrumente. Gebruik leesstuk om geslagsvorme en verkleinwoorde te identifiseer. Gee trappe van vergelyking, sinonieme en antonieme, indien daar is. Gebruik voor-en agtervoegsels om nuwe woorde te skep.	

2.1 spel bekende woorde korrek 2.4 vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoorde en geslagsvorme van woorde 2.5 gebruik trappe van vergelyking 2.6 verstaan en gebruik voor- en agtervoegsels 2.7 verstaan en gebruik sinonieme en antonieme AS 3 Werk met sinne: 3.6 gebruik skryfkonvensies korrek: die punt, vraagteken en komma AS 4 Werk met tekste: 4.1 skakel sinne om paragrawe te vorm AS 5 Gebruik taal vir interaksie: 5.1 gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos om jammer te se)		

TERUGBLIK : ----------

GRAAD 2 LESPLANNE VIERDE KWARTAAL

TEMA : VERSKILLENDE GODSDIENSTE TYDSDUUR : 2 WEKE

LU EN AS STANDAARDE	AKTIWITEITE	BRONNE
LU 1 LUISTER AS 1 Luister vir ‘n langer tydperk aandagtig en reageer op ‘n stel ingewikkelder instruksies AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en gepas kommentaar te lewer op dit wat gehoor is AS 3 Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip:	Vertel die leerders ‘n storie of lees dit vir hulle voor bv. **KERKSTRAAT** Raai hoeveel soorte kerke en plekke waar mense aanbid, is daar in die dorp waar Stellie woon? Een van die strate se naam is Kerkstraat. En raai waarom is die straat se naam Kerkstraar? Daar is baie kerke in daardie straat! Slim dat julle dit kon uitdink. Daar is die groot moskee – dis die groot,wit gebou met die koepeldak. Wanneer die Moslems na die moskee gaan, trek hulle hulle skoene uit voordat hulle ingaan. Nooit sal jy een sien wat met sy skoene aan daar instap nie. ‘n Entjie met die straat af is daar ‘n klein wit kerkie met ‘n spits toring. Dit is die Rooms-Katoloieke kerk. Die priesters dra ‘n lang, swart rok	

3.1 luister vir onderwerp of hoofidee 3.2 luister vir die besonderhede 3.3 voorspel wat gaan gebeur 3.4 vertel ‘n reeks gebeutenisse of idees in ‘n teks oor 3.5 beantwoord vrae oor ‘n mondelinge teks 3.6 druk gevoelens oor‘n mondelinge teks uit en gee redes 3.7 bepaal oorsaak in ‘n mondelinge teks. **LU 2 PRAAT** AS 1 Gesels oor persoonlike ervaring en algemene nuusgebeure AS 2 Gebruik taal verbeeldingryk vir prêt en fantasie(soos om grappies en raaisels te vertel, woordspeletjies te speel en eie rympies te maak) AS4 Neem deel aan klas-en groepbesprekings 4.5 lewer terugvoering oor groep se werk 4.7 beantwoord vrae en gee redes vir	met ‘n wit boordjie oor sy klere. By daardie kerk loop die mense kort-kort in en uit. Hulle gaan bieg oor hul sondes en steek kerse op voor die beeld van die Moeder Maria. In die yslike kerk tussen die bome is daar ‘n groot bad water. Die water word warm gemaak en dan klim die pastor daar in saam met die mense wat gedoop moet word. Die klipkerk van die Nederduits Gereformeerde Kerk het pragtige, gekleurde glasvensters en ‘n mens hoor dikwels die orrel speel. Dit is die orrelis wat oefen om die psalms en gesange te speel wat die predikant die gemeente daardie Sondag gaan laat sing. Die sinagoge waarheen die Jode gaan en waar die kinder suit die Talmoed leer, is ook in daardie straat. Die Talmoed is ‘n boek wat vir ‘n mens vertel hoe om goed te lewe. Die Tora is die wetboek. Heel onder aan die punt van die straat staan ‘n groot boom, en groupies mense wat aan die Sioniste-kerk behoort, hou hulle diens onder die boom, want dis naby almal se bly- of werkplekke. Die Sioniste dra mooi uniforms om te wys hoe ver hulle kerk al gevorder het. Duisende van hulle gaan elke jaar met die Paasnaweek na Moria in die Limpopo-provinsie waar hulle die hele naweek lank aanbid. Hierdie kerk het die meeste lidmate in Suid-Afrika. Op ‘n oop erf in die dorp staan ‘n yslike tent waar mense ook kerkdienste hou. Het julle mooi geluister en getel hoeveel kerke daar in die dorp is? Wie het die antwoord?	

antwoorde 4.8 gee opbouende terugvoering aan ander AS 6 Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes (soos verskonings, uitnodigings) en met verskillende mense (voer onderhoude, doen rolspel) AS 7 Gebruik gepaste volume en intonasie – praat bv. saggies met 'n maat in die klas en harder op die speelgrond. **LU 3 LEES EN KYK** AS 2 Skep betekenis uit geskrewe teks: 2.1 lees eenvoudige instruksies in die klaskamer AS 3 Herken en skep betekenis uit letters en woorde in langer tekste	Ek wonder of daar êrens in julle dorp ook 'n Kerkstraat is? Het julle Kerkstraat ook soveel kerke soos Stellie se dorp? Vra vrae soos: Wat is godsdiens? Lei leerders om te ontdek wat die word Godsdiens beteken. Wat beteken dit om te dien? Bespreek en verduidelik nuwe woorde. Na aanleiding van die storie, bespreek dat daar verskillende godsdienste is. Gebruik flitskaarte en plaas woorde op die bord. Maak 'n tabel: Soorte godsdienste Plek van aanbidding Moslems moskee Katolieke kerk Jode sinagoge Christene kerk Hindoes tempel Brei meer uit oor godsdiens bv. **<u>Simbole:</u>** Moslems Halfmaan en ster	

3.1 lees met toenemende spoed en vlotheid 3.2 lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem 3.3 gebruik klank en woorderkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en die maak van voorspelling ten einde teks te verstaan 3.4 gebruik selfkorregeringsstrategiee soos herlees, pousering, die oefen van woorde voor hy/sy dit hardop se AS 4 Ontwikkel klankbewustheid: 4.2 herken 2- en 3- letterkombinasies aan die begin en einde van woorde 4.3 beginklanke- herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone (dr-oom, str-oom) 4.4 herken meer komplekse woordfamilies	Jode Dawidstêr Christene Kruis Hindoes AUM Boedisme Wiel met 8 speke **Geskrifte** Moslems Koran Hindoes Vedas Katolieke Bybel Jode Toras Christene Bybel **Dag van aanbidding** Moslems Vrydag Hindoes Elke dag Christene Sondag Jode Saterdag	

(troon, kroon) 4.6 herken ‘n aantal hoefrekwensie sigwoorde AS 5 Lees vir inligting en genot: 5.1 lees prenteboeke en eenvoudige stories van eie keuse 5.3 begin die woordeboek gebruik om woorde spelling en betekenis na te gaan 5.4 lees ‘n verskeidenheid tekste vir genot, soos tydskrifte, strokiesprente, nie-fiksie boeke **LU 4 SKRYF** AS 1 Skryf toenemend leesbaar 1.2 hanteer skryfinstrumente doeltreffend AS 2 Doen pre-skryfaktiwiteite: 2.1 neem deel aan dinkskrumaktiwiteite om idees vir skryf te kry 2.2 deel idees met klasmaats en onderwyser 2.3 kies ‘n onderwerp met persoonlike	Deel leerders in groepe volgens kerkverband en bespreek hoe hulle godsdiens uitleef bv. watter boeke gebruik hulle? Wat doen hulle as hulle bymekaarkom? Die groepe rapportee terug en vertel van interessante maniere van godsdiens uitlewe. Laat leerders al die sinne neerskryf wat vraagsinne is (uit die storie) Klanke: Stel nuwe klank/e bekend en skryf dit op die bord. Vra leerders om te dink aan woorde wat dieselfde klank bevat. Skryf woorde op die bord. Laat leerders ook hul eie woorde by die lys byvoeg deur gebruik te maak van woordeboeke om spelling na te gaan. Laat leerders nuwe woorde in eie woordeboek skryf. Flits die nuwe spelwoorde en laat leerders dit lees en sinne maak. Lees: Laat leerders die sigwoorde en nuwe woorde spoedlees.Lees gepaste leeslesse oor verskillende kerke bv. **DIE KLAS TEKEN** **DEEL EEN** Die klas is stil . Almal is druk besig om te teken. Dries probeer sy bes om die kerk te teken. Hy teken die spits toring en die kruis. Hy kleur die drie vensters blou en rooi en pers in. Hy loer na sy vriend Ahli.	

betekenis om oor te skryf AS 3 Skryf ‘n konsep weergawe van ‘n skryfstuk vir verskillende doeleindes: 3.1 skryf verskillende soorte tekste: • lyste soos take vir die week • eenvoudige tekste soos briewe • informatiewe tekste-resepte • eenvoudige vertellings • eenvoudige stories • gedigte en liedjies 3.4 skryf ‘n titel wat die inhoud weerspieel AS 4 Hersien skryfstukke 4.1 bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee of te ontvang 4.2 probeer om eie skryfwerk te redigeer (soos verwyder of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel en gaan spelling en punktuasie na) 4.3 hersien eie skryfwerk na bespreking met ander AS 5 “Publiseer” skryfstukke (maak dit publiek) 5.1 deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of dit in die klas uit te stal	Haai, Ahli teken dan nie sy kerk nie! Hy teken ‘n wit gebou met ‘n ronde, blink dak. “Ahli, wat teken jy?” fluister hy. “Dis ons moskee waar ons aanbid,” fluister Ahli. Dries en Ahli loer na Abe se kant toe. Hulle wil sien wat Abe geteken het. Abe is trots op sy tekening van die sinagoge. Voor die sinagoge staan die rabbi met sy lang, swart klere. Kalib het ‘n Hindoe-tempel se binnekant geteken. Hy is besig om die beelde in die temple met sy kryt in te kleur. Almal moet nou hulle prente wys. “Dit is mooi, kinders,” sê Juffrou. Toe sit sy almal se prente met duimspykers teen die muur vas. Vra vrae bv. Noem die kerke wat in die leesles genoem is. Kan julle nog soorte kerke opnoem? Ens Flits woorde uit die leesles en leerders soek dit in die leesstuk en omkring dit. Bou woorde met kr-, vr-, br-. Verbind die woorde en skryf die woorde vr+aag fr+ons tr+ek tr+aan gr+aat dr+oom	

5.2 maak eie boeke of bloemlesing AS 6 Bou woordeskat op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan 6.2 spel algemene woorde korrek 6.5 bou ‘n woordbank en ‘n persoonlike woordeboek op AS 7 Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan 7.1 gebruik skryframe vir verskillende soorte sinne en teksstrukture 7.2 gebruik basiese punktuasie (hoofletters en punte) 7.3 eksperimenteer met verskillende leestekens soos uitroeptekens en/of vraagtekens 7.5 pas kennis van grammatika toe **LU 5 DINK EN REDENEER** AS 1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel:	pr+op br+ing Laat leerders lees vir genot. Teken die plek waar jy aanbid. Leerders skryf stories/sinne, individueel of in groepe. Laat leerders mekaar se werk hersien en herskryf. Leerders/groepe deel hul werk met klas. Laat leerders gepaste gediggies skryf oor bv. Ons kerk Plaas in leeshoekie dat leerders mekaar se gediggies kan lees. Leerders oefen patrone en letters in hul skryfboeke en transkribeer spelwoorde. Leesles bv. **DIE KLAS TEKEN** **DEEL TWEE** Die kinders praat vandag oor die plek waar elkeen aanbid. “Juffrou, Juffrou, ek wil eerste praat!” Almal spring op en waai met hulle hande. Almal wil gelyk praat of ‘n vraag vra. “Toe, almal sal ‘n beurt kry,” sê Juffrou.”Ahli, wat het jy gebring om vir ons te wys?” Ahli dra ‘n gebedemat aan. Hy trek sy skoene uit en kneel op sy mat. Nou is dit Dries se beurt. Hy wys vir almal sy Bybel.	

1.1 verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer: 2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsake en gevolg, logiese volgorde AS 3 Gebruik taal om te ondersoek 3.1 stel vrae en soek verduidelikings 3.2 verskaf oplossings en alternatiewe AS 4 Verwerk inligting: 4.1 kies spesifieke inligting uit ‘n teks en verwerk dit 4.2 organiseer inligting in ‘n eenvoudige grafiese vorm (soos ‘n rooster, diagram) **LU 6 TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK** AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde	Abe, kom wys vir ons wat jy gebring het.” Abe het ‘n goue kandelaar gebring. In die sinagoge staan so ‘n kandelaar met sewe kerse. Maria het ‘n beeld van ‘n heilige gebring. Die beeld staan altyd voor haar bed. Sarel het skoon vergeet om iets saam te bring. “Dit maak nie saak nie,” sê hy. “Ek sal vir julle ‘n lied van ons kerk sing. Beantwoord vrae oor leesles bv. Wat het Ali vir sy maats gewys? Wat het Maria gebring? Hoeveel kerse is in Abe se kandelaar? Waar staan die kandelaar? **FEESDAE** Lees vir die leerders ‘n storie bv. In Oktober of November steek die Hindoes kerse aan en versier hul huise daarmee. Hulle kuier dan by hul vriende en families. Hulle eet sesiale kos wat soet vleise insluit. Hierdie dag noem die Hindoes Diwali. Op 25 Desember vier die Christene Kersfees, die geboorte van Jesus.	

1.1gebruik klanke om minder bekende woorde

te spel

AS 2 Werk met woorde:

2.1 spel bekende woorde korrek

2.2 gebruik alledaagse skryftekens (kappie en deelteken)

2.4 vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoorde en geslagsvorme van woorde

2.7 verstaan en gebruik sinonieme en antonieme

AS 3 Werk met sinne:

3.1 gebruik ‘n verskeidenheid sinsoorte (vraagsinne, stelsinne, uitroep)

3.6 gebruik skryfkonvensies korrek: die punt, vraagteken en komma

AS 4 Werk met tekste:

4.1 skakel sinne om paragrawe te vorm

AS 5 Gebruik taal vir interaksie:

Hulle kuier by hul familie en gee vir mekaar geskenke. Hulle versier Kersfeesbome met kersversiering. Hulle eet ‘n Kersfeesete en Kersfeeskoek, wat gewoonlik ‘n vrugtekoek is.

Vir 8 nagte in November of Desember steek die Jode elke aand ‘n kers aan. Hulle kuier by familie en vriende. Hulle eet ook spesiale kos wat aartappel “latkes” insluit.

Die Jode noem dit Yom Kippur.

Die Moslems vas vir 30 dae, net die grootmense. Hulle eet of drink niks vanaf sonop tot sononder nie. Aan die einde van Ramadan of Eid kuier hulle by vriende en families. Almal dra nuwe klere en hulle eet spesiale kosse soos breyani, heerlike koeke en beskuitjies.

Verdeel die leerders in groepe van 4. Elkeen kies vir hom/haar ‘n feesviering en voltooi haar/sy deel van die kaart.

	Diwali	Kersfees	Yom Kippur	Ramadan
Wanneer?				
Wie vier die fees?				
Wat doen hulle?				
Watter kos eet hulle?				

5.1 gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos om jammer te se)	Laat leerders Kersfeeskaartjies maak en aan hul maatjies stuur tydens hierdie feesdag. Laat leerders meervoudsvorme gebruik bv. Jood Jode Christen Christene Moslem Moslems Hindoe Hindoes Skryf antonieme bv. oud nuwe iets niks sonop sononder aand dag Maak gebruik van woorde uit stories wat aan leerders voorgelees is.	
TERUGBLIK : ----------		

AS 2 Gebruik taal verbeeldingryk vir prêt en fantasie(soos om grappies en raaisels te vertel, woordspeletjies te speel en eie rympies te maak) AS4 Neem deel aan klas-en groepbesprekings 4.5 lewer terugvoering oor groep se werk 4.7 beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde 4.8 gee opbouende terugvoering aan ander AS 6 Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes (soos verskonings, uitnodigings) en met verskillende mense (voer onderhoude, doen rolspel) AS 7 Gebruik gepaste volume en intonasie – praat bv. saggies met ‘n maat in die klas en harder op die speelgrond.	soos hy. Die pawiljoene word vol mense en nou raak die landsvlae baie opgewonde. “Wat gaan hier aan vandag,” vra hy die wind. Maar die wind is te haastig om hom te antwoord en waai net verder. Daar kom ‘n groot motor aan met ‘n vrolike klein landsvlaggie wat voor op die kar se neus wapper. Dit is die president! Die vlag klap saam met die mense hande vir die president. Nou kom ‘n stem oor die mikrofoon: “Welcome South Africa, Welcome! Welcome to the World Soccer Games! Welkom by die Wêreld Sokkerspele!” Die skare juig en jubel. Die vlag wapper vrolik en opgewonde. Die sokkerspanne draf op die veld. Nou juig die mense eers. Die vlag wapper en wapper en klap so hard as wat hy kan in die wind. Nou weet hy! Dit is die Wêreldbeker Sokkertoernooi wat vandag hier gespeel word. Nou is die landsvlag eers bly hy sit bo-aan die vlagpaal. Hy kan die heel beste sien oor die hele sokkerveld en sal nie ‘n oomblik van die wedstryd mis nie! Wys aan die leerders ‘n paar vlae en vra hulle om ons land se vlag te identifiseer. (Gebruik prente /foto’s). Bespreek die verskille tussen die vlae sodat leerders kan verstaan dat elke vlag uniek is en ‘n spesifieke betekenis het. Lei die leerders d.m.v. vrae om die ontstaan van die vlag se ontwerp, amptelike gebruikdatum, landswapen en gebruik van die vlag, te ontdek.	

LU 3 LEES EN KYK AS 1 Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep: 1.2 voorspel nav ‘n boekomslag waaroor die storie handel 1.2 ten opsigte van beelde, die gedrukte media en advertensie, interpreter die hoofboodskap, identifiseer die doel, teikengroep en waar dit aangetref word 1.3 druk persoonlike reaksie op beelde in druk en in die media uit AS 2 Skep betekenis uit geskrewe teks: 2.1 lees eenvoudige instruksies in die klaskamer AS 3 Herken en skep betekenis uit letters en	Wys weer vlae vir leerders en deel hul in groepe van 4/5 en laat elke groep ‘n vlag kies. Leerders moet na ‘n biblioteek gaan om inligting oor die spesifieke land wat hy/sy gekies het, in te samel. Leerders gee terugvoering aan klas i.v.m inligting wat hulle bekom het. Laat leerders ‘n brief skryf aan ‘n maat in die land wat hy/sy gekies het om hom/haar te vertel van ons landsvlag en die gebruik daarvan. Gebruik storie om sinonieme te gebruik bv. lekker heerlik motor kar toeskouers skare ens. Antonieme klein groot sag hard hartseer vrolik/opgewonde laag hoog ens.	

woorde in langer tekste 3.1 lees met toenemende spoed en vlotheid 3.2 lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem 3.3 gebruik klank en woorderkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en die maak van voorspelling ten einde teks te verstaan 3.4 gebruik selfkorregeringsstrategiee soos herlees, pousering, die oefen van woorde voor hy/sy dit hardop se AS 4 Ontwikkel klankbewustheid: 4.2 herken 2- en 3- letterkombinasies aan die begin en einde van woorde 4.3 beginklanke- herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone (dr-oom, str-oom)	Meervoude vlag vlae gesig gesigte prent prente ens. Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd bv. Die skare juig. Gister het die skare gejuig. Môre sal die skare skree. ens Lei leerders om te verstaan dat ons land ‘n landswapen het – net soos die skool ‘n skoolwapen het.Vertel leerders ‘n storie bv. **ONS NUWE LANDSWAPEN** “Ma, ons juffrou het vandag ‘n groot prent van ons landswapen teen die muur opgesit. Sy het gesê sy sal verduidelik wat alles beteken, maar ons was so besig dat sy nie tyd gehad het nie. Wat is ‘n landswapen, Ma?” “Dit is ‘n simbool wat die wêreld vertel wie en wat ons is, net soos die wapen op die sak van jou skooltrui. Die boek op jou skool se wapen vertel dat dit ‘n plek is waar geleer word. Die pen en die inkpot sê ook	

4.4 herken meer komplekse woordfamilies (troon, kroon) 4.6 herken ‘n aantal hoefrekwensie sigwoorde AS 5 Lees vir inligting en genot: 5.1 lees prenteboeke en eenvoudige stories van eie keuse 5.3 begin die woordeboek gebruik om woorde spelling en betekenis na te gaan 5.4 lees ‘n verskeidenheid tekste vir genot, soos tydskrifte, strokiesprente, nie-fiksie boeke **LU 4 SKRYF** AS 1 Skryf toenemend leesbaar 1.3 hanteer skryfinstrumente doeltreffend AS 2 Doen pre-skryfaktiwiteite: 2.1 neem deel aan dinkskrumaktiwiteite om idees vir skryf te kry	die plek het met onderwys te doen. Die son simboliseer lig en groei, en die woorde sê dat jou skool sal ‘Strewe na die Uitstekende’ ” sê sy ma. “Maar het Suid-Afrika dan nie ‘n landswapen gehad nie?” wil Sipho weet. “Ja, ons het, maar toe Suid-Afrika in 1994 ‘n demokrasie geword het, het so baie dinge verander. Die landswapen het nie die nuwe land verteenwoordig nie. Daar was byvoorbeeld eers net vier provinsies. Nou het ons nege. Ons kan tog nie nege prentjies op die landswapen inpas nie,” verduidelik Mamma. “Nou wat he tons dan nou?” Sipho is baie nuuskierig. “O, die nuwe landswapen is eenvoudig maar mooi. Dit verteenwoordig al die mense van ons land. Daar is twee San-figure wat na mekaar gedraai is om eenheid aan te dui. Die olifanttande vertel van wysheid,krag en ewigheid. As ons die koringare sien dink ons aan ‘n vrugbare land wat sy eie kos verbou,” verduidelik Sipho se ma. “En die son?” vra hy. “Nee, nou kan Juffrou verder verduidelik,” lag Mamma. “Ek moet nou begin met aandete.” Laat leerders verskillende prentjies wat op die landswapen voorkom, uitlig – verduidelik betekenis van elk. Sekretarisvoël se vlerke – die nasie het die vërmoë om uit te styg en	

2.2 deel idees met klasmaats en onderwyser 2.3 kies ‘n onderwerp met persoonlike betekenis om oor te skryf AS 5 “Publiseer” skryfstukke (maak dit publiek) 5.1 deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of dit in die klas uit te stal AS 6 Bou woordeskat op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan 6.2 spel algemene woorde korrek 6.5 bou ‘n woordbank en ‘n persoonlike woordeboek op AS 7 Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan 7.1 gebruik skryframe vir verskillende soorte sinne en teksstrukture 7.2 gebruik basiese punktuasie (hoofletters en punte) 7.3 eksperimenteer met verskillende leestekens soos uitroeptekens en/of vraagtekens	kan hulself beskerm Son – die opkomende son is die begin van nuwe lig, lewe en denke. Dit herinner ons ook dat die son op ons almal skyn en date k almal ‘n plek het en sy warmte en lig. Protea – ons vermoë as ‘n nasie om te groei en vir ons die mooiheid van kunste in ons land. Koringare – simboliseer groei en potensiaal. Dit herinner ons om mekaar te voed en die aarde te respekteer. Ivoortande – olifante word gesien as simbole van krag, groot wysheid, en ewigheid Skild – simboliseer beskerming. Bokant is die spies en knopkierie wat bo-op die skild lê stel voor dat ons kan baklei, maar verkies om probleme op te los deur debatvoering. Boesmanfigure – maak nie saak hoe verskillens ons lyk nie, ons is almal mense wat mekaar moet respekteer en verenig soda tons die wêreld rondom ons kan verander. Die leuse – met die woorde word ons gevra om verskille in mense te gebruik om ‘n unieke kultuur van vrede, samewerking en eenheid te vorm. Stal boeke, pamflette en staatskoerante uit in die leeshoekie sodat leerders ‘n verskeidendenheid tekste kan geniet.	

7.5 pas kennis van grammatika toe **LU 5 DINK EN REDENEER** AS 1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel: 1.1 verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer: 2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsake en gevolg, logiese volgorde AS 3 Gebruik taal om te ondersoek 3.1 stel vrae en soek verduidelikings 3.2 verskaf oplossings en alternatiewe AS 4 Verwerk inligting: 4.1 kies spesifieke inligting uit ‘n teks en verwerk dit 4.2 organiseer inligting in ‘n eenvoudige	Vertel leerders ‘n storie van ons volkslied bv. **‘n Gebed vir Afrika** Lank gelede was daar ‘n seun gebore. Sy naam was Enoch Sontonga. Hy was ‘n Xhosa en het aan die Mpinga stam behoort. Na matriek het hy verder gestudeer en ‘n onderwyser geword. Enoch was baie life vir kinders en musiek. Hy was ook baie life vir God. Hy het dikwels in die klas gestaan en die kinders dopgehou waar hulle buite gespeel het en dan vir hulle gebid. Sy gebed was:” Dierbare Vader, pas hierdie kinders op. Pas ons pragtige land op en laat alle mense eenders behandel word.” Enoch Sontonga het ook liedjies vir die kinders geskryf om te sing. Sy liedjies was altyd oor vrede en liefde. Eendag he thy ‘n nuwe liedjie geskryf. Die eerste woorde van die lied was “Nkosi Sikelel’iAfrika.” Dit beteken “God seën Afrika” Enoch Sontonga se lied het bekend geword. ‘n Bekende digter, Satwel Mqhayi, het meer woorde vir hierdie lied geskryf en ons almal sing dit met trots. Dit is ons nuwe volkslied. Sing saam met leerders die volkslied en leer hulle om dit te respekteer	

grafiese vorm (soos ‘n rooster, diagram) **LU 6 TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK** AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde 1.1gebruik klanke om minder bekende woorde te spel AS 2 Werk met woorde: 2.1 spel bekende woorde korrek 2.2 gebruik alledaagse skryftekens (kappie en deelteken) 2.4 vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoorde en geslagsvorme van woorde 2.6 verstaan en gebruik voor- en agtervoegsels 2.7 verstaan en gebruik sinonieme en antonieme AS 3 Werk met sinne:	– staan op aandag en regop ens. Bespreek die nasionale simbole na aanleiding van die rede vir voorkoms op geldstukke, verteenwoordiging van fauna en flora, waar hulle fisies aangetref word in ons land, hul besondersheid en moontlike redes vir hul keuse. Springbok – Kalahari Protea – Wes-Kaap Geelhoutbome – Tsitsikamma Bloukraanvoël – Karoo Galjoen – Atlantiese Oseaan Noem 4-5 woorde wat met klanke begin wat ooreenstem en laat leerders die word wat nie pas nie identifiseer bv. twaalf , twis, twee, dwaas, twyfel ens. Flits bekende klanke om seker te maak leerders ken dit. Koppel dit aan ‘n speletjie. Leer nuwe klanke aan en laat leerders dit in hul klaswerkboeke skryf. Laat leerders die woorde aanvul deur woordeboeke te gebruik. Spoedlees die woorde. Laat leerders sinne skryf met die woorde. Laat hulle vraagsinne, stelsinne en uitroepsinne skryf. Voeg voor- of agtervoegsels by om nuwe woorde te skep. Laat leerders die betekenisse van nuwe woorde in woordeboeke opsoek.	

3.1 gebruik ‘n verskeidenheid sinsoorte (vraagsinne, stelsinne, uitroep) 3.2 gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek 3.3 verbind twee enkelvoudige sinne met ‘n voegwoord (“en” en “maar” “want”) 3.4 gebruik die ontkennende vorm korrek soos: Ek slaap nie. 3.6 gebruik skryfkonvensies korrek: die punt, vraagteken en komma AS 5 Gebruik taal vir interaksie: 5.1 gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos om jammer te se)	Laat leerders gepaste leeslesse lees – hardop, saam met onderwyser, vir maat ens. Vra begripvrae en laat leerders in volsinne antwoord. Flits 3 woorde en laat leerders 1ste/2de/3de word skryf. Kontroleer kennis van klanke en spelling. Gebruik leeslesse om eenvoudige sinne te skryf deur voegwoorde te gebruik om sinne saam te bind. Hy kan nie sing nie. Sy keel is seer. Hy kan nie sing nie, want sy keel is seer. ens. Lê klem op hoofletters aan die begin van sinne en punte aan die einde van sinne. Leerders moet eenvoudige sinne in ontkennende vorm skryf bv. Suid-Afrika het ‘n landsvlag. Suid-Afrika het nie ‘n landsvlag nie. ens. Leerders moet in staat wees om ‘n liniaal te gebruik en om uit te vee sonder om die bladsy te skeur. Leerders moet in staat wees om al die hoofletters en kleinletters korrek te vorm. Vorm en gebruik verkleinwoorde bv. vlag vlaggie	

	paal paaltjie Gebruik dit ook in sinsverband. Woorde met kappies bv. wêreld sê ens.	
TERUGBLIK : ----------		

0PSOMMING VAN FORMELE ASSESSERINGSTAKE

GELETTERDHEID : HUISTAAL

VIERDE KWARTAAL

TAAK 1	**TAAK 2**	**TAAK 3**	**TAAK 4**
LU 2 AS 6	LU 3 AS 3a	LU 1 AS 1	LU 3 AS 3a
LU 2 AS 7	LU 3 AS 3b	LU 1 AS 2	LU 3 AS 3b
	LU 3 AS 3c	LU 2 AS 6	LU 3 AS 3c
	LU 3 AS 4 b, c, d	LU 2 AS 7	LU 3 AS 4b, c,d

	LU 3 AS 4f LU 4 AS 3a LU 4 AS 7b LU 4 AS 6b LU 4 AS 1a, b LU 5 AS 4a LU 6 AS 2a LU 6 AS 3c		LU 3 AS 4f LU 4 AS 3a LU 4 AS 7b LU 4 AS 6b LU 4 AS 1a,b LU 6 AS 2a LU 6 AS 3d